

Maties se nuwe toelatingsbeleid 'is verreikend'

Alet Janse van Rensburg

Die Universiteit Stellenbosch (US) se voorgestelde nuwe toelatingsbeleid verbind hom nie net tot ingrypende regstellende maatreëls nie, maar het ook verreikende gevolge vir Afrikaans as onderrigtaal, meen ingeligt.

Openbare kommentaar op die nuwe beleid, wat ten doel het om die "langtermyngevolge van apartheid en rasseverdeling te bowe te kom" en terselfdertyd die akademiese uitnemendheid van die universiteit te verbeter, het gister gesluit.

Die beleid het ten doel "om gelyke geleenthede aan voornemende studente in gelyksoortige omstandighede te bied, en regstelling te fasiliteer waar individue of kategorieë persone weens vorige onbillike diskriminasie benadeel was, of is", lui die konsepbeleid.

Volgens die beleid sal toppresterende voornemende studente van 2017 af eerste gekur word om akademiese uitnemendheid te verseker. 'n Tweede ronde keurings sal voorkeur aan swart, bruin en Indiër-studente gee en daarna aan maatskaplik-ekonomies benadeelde studente. Indien daar dan nog plekke oorbly, sal leerlinge sonder inagneming van ras of agtergrond toegelaat word.

Alle studente sal steeds aan die minimum toelatingsvereistes moet voldoen.

Kommer bestaan egter dat dié beleid verder tot die verwatering van Afrikaans aan die US sal lei, aangesien die nuwe taalbeleid die onus op studente plaas om vir onderrig in Afrikaans te vra.

Adv. Jan Heunis, president van die US-konvokasie, sê hy het lank reeds in die US-raad gewag gemaak van die feit dat die

toelatingsbeleid en die taalbeleid in samehang met mekaar bepaal moet word.

"Aangesien daar 'n hofsaak onderweg is om die nuwe taalbeleid tersyde te stel, is dit voortydig om nou die toelatingsbeleid te bepaal, soos wat dit voortydig was om die taalbeleid voor die toelatingsbeleid te bepaal," sê hy.

Danie van Wyk, Wes-Kaapse bestuurder van die Suid-Afrikaanse Onderwysontwikkelings-trust en deel van 'n afvaardiging van onderwysers wat tans met die US in gesprek is oor hoe om bruin gemeenskappe by die universiteit te betrek, het die beleid verwelkom.

"My eerste vraag is wat die universiteit doen om aan die vooreen benadeelde studente finansiële ondersteuning in die vorm van beurse te bied, want daarsonder gaan die besluit op papier nie veel beteken nie," sê hy.

In 'n uitgebreide regsmening wat deur die US-raad aangevra is, waar sku adv. Andrew Breitenbach SC dat die besluit oor 'n sekere minimum teiken op rassekwotas neerkom.

Hy haal hieroor breedvoerig aan uit die konstitusionele hof se uitspraak in die saak van die vakbond Solidariteit teen die departement van korrektiewe dienste (DKD). Solidariteit het die saak gewen omdat die hof bevind het dat die DKD nie die streeksdemografie in ag geneem het nie. Hy verwys ook na Renate Barnard, voormalige luitenant-kolonel in die polisie, wat twee keer vir bevordering oorgesien is omdat sy wit is.

Breitenbach beveel aan dat fakulteite hul teikens moet kan aanpas nadat alle aansoeke ontvang is om sodoende streng kwotas, wat in 'n hof aanvegbaar is, te vermy.



Dit is voortydig om die toelatingsbeleid voor die hofsaak oor die taalbeleid te bepaal.

— ADV. JAN HEUNIS